# PROF. J. CHRIS COETZEE AS OPVOEDKUNDIGE DENKER

## 1. ALGEMEEN.

Dit is met genoëe dat ek voldoen aan die versoek om kortliks 'n paar gedagtes uit te spreek oor die opvoedkunde, veral die Calvinistiese opvoedkunde en die opvoedkundige praktyk van prof. Coetzee.

In so 'n kort artikel val dit moeilik om 'n ware beeld van hierdie groot opvoedkundige denker se grondidees, die oorsprong van die idees, die uitbouing en die praktiese toepassing daarvan te skets. In hooftrekke sal aangetoon word hoe prof. Coetzee daartoe gekom het om sy idees normatief te fundeer en dit bepalend die lig te laat sien.

Namate 'n kultuur ouer word, begin daarin hoe langer hoe meer 'n bewuste belewing van die inhoud van begrippe te kom, nl. om voorsorgmaatreëls vir die toekoms te tref. In 'n jong kultuur soos die van ons is daar wel voorsorg gemaak, maar dit was nog alles spontaan, want die kultuur was in die begin nog nie 'n wetenskaplike beskouing nie. In ons ouer wordende Afrikaanse kultuur het die begrippe die objek van 'n wetenskaplike en praktiese analise geword. Dit is in die verband dat prof. Coetzee met die snoeimes sy analise vir toetsing, aanpassing en toe-eiening begin het.

## 2. PROF. COETZEE SE ANALISE VAN DIE DENKRIGTINGE IN DIE OPVOEDKUNDE.

### (a) Die Liberalisme.

Die ontwikkeling en ingroeiing van die wydvertakte liberalistiese geestesstroming in staat en kerk, kultuur en samelewing in die 19de eeu het gedug sy invloed in ons land uitgeoefen. Ons ondersoek hier hoedat prof. Coetzee, nieteenstaande die feit dat die volkslewe deursuur is van die liberalistiese denksisteem, sy eie denkrigting, gefundeer op die Woord van God, uitgebou het.

In sy jeugjare het hy al kennis met 'n kultuur gemaak wat deurtrek was van liberale grondslae en tewens ook 'n interessante en veelomvattende geestesrigting. Die skool—en universiteitswese het klousules en doeleindes bevat wat eie was aan die liberale rigting. Hy het ook kennis gemaak met vurige geskrifte, bytende sarkasme oor die veelbewoë rigting, wat 'n chaotiese begripsverwarring vir menigeen besorg het. Die neiging het in sy jong jare en selfs vandag nog in wye kringe bestaan, om alles waarvan ons nie hou

nie, eenvoudig as liberalisties te bestempel en te veroordeel. Dog prof. Coetzee het met sy kundige oordeel en volgens die leiding van die Heilige Skrif die grondwaarhede ontdek, die goeie uit die denkrigting geneem en sy eie lewensbeskouing opgebou.

(b) **Konklusie waartoe prof. Coetzee oor die liberale rigting geraak het.**

Die geestelike en ideële inhoud van die liberalisme was geen vryheidsbeweging nie maar 'n revolusionêre agitasie, 'n gesagsverwerping in beginsel. Hy het in sy studie en in ooreenstemming met sy Calvinistiese opvoedingsgrondslag gevind dat die grondslag en geesteskenmerke van die liberale beweging nie te vinde is in die strewe na vryheid nie maar wel in sy verwerping van gesag. Hierdie eiesoortige wêreldbeskouing het as vooropgesette doel met vryheid gehad die natuurlike reg, die onvervreembare persoonlike besit van elke mens.

(c) **Uitkristallisering van sy opvoedingsdoel.**

Teenoor die humanistiese liberalisme het prof. Coetzee sy eie denkrigting ooreenkomstig sy Calvinistiese geloofsoortuiging uitgebou. Hy as Calvinis sien in die vryheid 'n genadegawe van God, wat 'n hoë verantwoordelikheid en heilige roeping aan die mens oplê. Hierdie verantwoordelikheid teenoor God en teenoor die mens het hy onomwonde en Godgerig in sy opvoedkundige praktyk probeer vaslê en daarop sy lewensbeskouing gebaseer. As Christelike opvoeder het hy 'n intensiewe en noukeurige studie van die groot verskeidenheid van lewensbeskouings en denkrigtings gemaak. Hy het geleer dat die vryheid van die menslike gees ondergeskik is aan die wilsbesluit of toelating van God. Die menslike wil is vry maar ook gebonde.

(d) **Sy standpunt teenoor ander denkrigtinge.**

Die **naturalisme** wat net die natuurlike in die opvoeding erken en van 'n bonatuurlike wêreld en openbaring nie wil weet nie, is vir prof. Coetzee in die opvoeding te naturalisties, en vir hom as gelowige is dit uit die bose want dit voer in die opvoeding tot die uiterste individualisme. Ook die **sosialistiese** lewensbeskouing in die opvoeding is vir hom onaanneemlik. Hier waar die gemeenskap in die middelpunt en as swaartepunt van die lewe gestel word en die individu 'n produk van die gemeenskap is, vind ons ons vandag in die maalstroom van die moderne beweging. Die vorme vir die pedagogiese etiek groei geheel en al uit die gemeenskap. In die lyn van die etiese instrumentalisme is die sedelikheid die werktuig om die lewe beter te hanteer. Die hele opvoeding moet gesosialiseer word: die opvoeding, die inrigting vir opvoeding, die leerplan, die leerstof, die metode, die tug,

die doel van die opvoeding moet 'n sosiale taak wees. Hierdie denkrigting in die opvoeding is vir prof. Coetzee naturalisties-humanisties en daarby eensydig en onvolledig. Hier mis dit die ewigheidsbeginsel en-grondslag van alle ware opvoeding, omdat geen plek vir God in die opvoeding van die mens ingeruim word nie. Op dieselfde wyse is die pragmatistiese lewensbeskouing en opvoedingsdoel van James, Dewey en Kilpatrick vir prof. Coetzee ewe onaanneemlik omdat die absolute waarheid vir die rigting omprakties is, want alle waarheid is betreklik en uit die ervaring opgebou. In die positivistiese gees van ons tyd is die sedeleer verderflik wyl dit ook geen goddelike wet erken nie. Die ideaal oor die hele linie is 'n normlose pedagogiek, en daarteenoor staan prof. Coetzee 'n positiewe Christelike filosofie voor, eie aan sy Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing. Vir hom word die hele wese, doel en inhoud van die opvoeding deur sy religie bepaal.

### 3. DIE WESE VAN SY OPVOEDING.

Vir die wese van sy opvoeding is die sondeval van die mens, die genade deur God verleen en die verlossing deur Jesus Christus onmisbaar. Hy glo in God, bely en dien Hom met sy hele siel, verstand en krag. In die verband het hy hom 'n heldere denkbeeld van die religie en veral van die Calvinistiese opvatting van die opvoeding gestel. Die mens is sterflik, en God is die oneindige, almagtige en alwetende. Van God is die mens afhanklik, en sy lotgevalle is in die hand van God. Vir Hom moet die mens in verhouding staan tot God, wat beskik oor lewe en dood. Hierdie verhouding is vir hom as Christengelowige 'n verbond met God wat reeds voor die sondeval deur die Woordopenbaring bekend is. Sy religie is vir hom 'n goddelike verordening en in die openbaring bepaal die Skepper hoe Hy deur sy skepsele gedien en verheerlik moet word. Mitsgaders neem hy in die objektiewe godsdiens die standpunt in van dogma wat as 'n ereplek in die godsdienstige lewe van die mens beskou moet word. God moet geken word in jou werk, in die wetenskap, in die sedelike, want die religie moet die sentrale gedagte vorm. In die godsdiens op skool moet nie net die Bybelse feite weergegee word nie, maar dit moet in verband gebring word met die verlossingsgedagte van Jesus Christus.

### 4. DIE OORSPRONG VAN SY OPVOEDING.

Die opvoeding van die kind het hy gefundeer in die openbaring van God in sy verbond met die mens opgerig. Die mens is na die beeld van God geskape en daarom moet die mens in sy opvoeding en onderwys tot eer van God streef, nie omdat die mens deur opvoeding godsdienstig moet word nie, maar die kind is dit kragtens sy skepping. Vir hom is dan die religieuse onderwys absoluut noodsaaklik en fundamenteel. Die

kind moet aangaande God geleer word sodat hy Hom kan ken, liefhê en dien. Die hoofinhoud van hierdie kennis moet volgens hom bestaan in die geloof, die wet, die gebed, en die Woord. By sekulêre onderrig moet die kind ook gebring word tot die aanbidding van die Skepper van alles. God openbaar Hom ook in sy skepping, en daarom moet die skoolvakke ook so onderrig word om die skepping te leer ken, om Hom te dien.

## 5. DIE TOEPASSING VAN SY CALVINISTIESE DENKRIGTING.

### (a) Sy verantwoordelikheid teenoor God.

Prof. Coetzee trag in sy lewe, opvoeding en kolleges om die geloof aan die soewereiniteit van God te handhaaf. By hom is steeds die kragtige oortuiging, in persoon en in sy gepubliseerde werke aanwesig dat die mens met eie verantwoordelikheid en met eie roeping die opdrag van God in die lewe moet vervul en dat hy tot die vervulling van die opdrag en bevele toeberei en vir die lewe gereedgemaak moet word. As Calvinis glo hy dat God aan elke volk 'n eie roeping en eie lewenswette en middele, elk na sy aard, gegee het om na te strewe. Hy het dan as doel gestel in die opvoeding om die kind op te voed en te leer die eerste beginsels van kennis na die eis van die wet. By sy opvoedingsdoelstelling is God self die Bron uit wie die kennis geput moet word. In sy ampsvervulling het hy Gods wil en die Godgestelde norme as maatstaf van goed en kwaad aanvaar.

Die hoofinhoud van sy Christelike opvoeding bestaan dan uit die kennis van God, van die mens en van die natuur. Hierop het hy 'n bepaalde rigting en opvatting vir elke vertakking van die maatskappy gestel.

### (b) Sy verhouding tot die maatskappy.

Die stelsel en organisasie van die opvoeding wat hy voorstaan, is deur hom duidelik en doelgerig omlyn. Hierdie tema vorm nog steeds 'n brandende vraagstuk waaroor uiteenlopende filosofieë bestaan en waaraan opvoedkundiges en wetenskaplikes nog hulle nougesette aandag skenk. By hom het 'n behoefte aan 'n stelsel van opvoedende werksaamheid in Suid-Afrika ontstaan. Aan die behoefte het hy getrag om ooreenkomstig die Calvinistiese lewens-en wêreldbeskouing te voldoen. Die opkoms van nasionale onderwysstelsels van die verskillende lande het hom genoop om ook 'n Christelik-nasionale onderwysstelsel volgens die geloofsbelydenis van die Afrikaner te formuleer en uit te bou Die stelsel en organisasie wat hy voorstaan, begin by die huis, wat hy beskou as die oorsprong en die eerste opvoedingsplek van die kind. Die huis is vir hom nie net 'n blote som van man, vrou en kinders nie, maar dit is vir hom 'n eenheid en saamhorigheid,

gebind deur bande van bloed. Vir hierdie verordineerde gemeenskap geld die vyfde gebod. Uit die samestelling volg nou dat die huis die eerste instelling van die opvoeding is maar ook die plek waar die grondslag van alle ware opvoeding gelê moet word. Daarom berus die eerste opvoeding by die natuurlike oorspronklike ouers.

Die tweede gemeenskapsinstelling volgens hom is die skool, wat deur die samegesteldheid van die struktuur van die samelewing ontstaan, omdat die ouers minder en minder aan die eise en pligte van 'n genoegsame opvoeding kan voldoen. Die skool het ontstaan as 'n plaasvervanger van die huis waarin die onderwyser die taak van die ouer oorneem. Die Christelike huis eis dan 'n Christelike skool, met 'n opvoeding in die Christelike gees en rigting van die ouers. In die verband verlang en eis prof. Coetzee vir die Calvinistiese ouers 'n Calvinistiese skool gegrond op die Heilige Skrif en uitgedruk in die Belydenisskrifte van die drie Hollandse Kerke in Suid-Afrika. Net so wil hy ook andersdenkendes in hulle eise steun om 'n eie opvoedkundige beleid vir hulle kinders te formuleer. Dit is vir hom demokrasie. Hy erken die verskeidenheid in die volkslewe, en hy gun aan elkeen die soewereiniteit in eie kring. In die verband is prof. Coetzee liberaler as die liberalis self, omdat hy vir almal pleit en vir almal die vryheid gun om 'n onderwysbeleid in eie kring uit te werk.

Die kerk verkry weer op sy beurt t.o.v. die kind en lidmaat deur die doop en belydenis 'n onmiddellike en duidelike reg en plig om hom in die Christelike leer te onderrig of te laat onderrig. Dit moet alleen op die terrein van die bewaring van Gods Woord beweeg en geen direkte seggenskap oor die skool hê nie.

Die staat het weer as taak die gesag in die gemeenskap om toe te sien dat die jeug van die volk opgevoed word; die besieling van die opkomende geslag en die handhawing van 'n behoorlike peil van algemene volksontwikkeling. Maar die staat moet volgens prof. Coetzee geen opvoedingsinstelling wees nie.

'n Ander saak wat hy juis pertinent stel, is die organisatoriese verhouding van huis, kerk, staat en skool.

Oor die gees en rigting mag alleen die ouergemeenskap beslis. Die kerk mag geen onmiddellike seggenskap oor die gees en rigting van 'n bepaalde skool besit nie, behalwe as die ouers net lidmate van 'n bepaalde kerk is. Die staat op sy beurt mag nooit oor die gees en rigting van die skool enige bepaling of beslissing gee nie.

## 6. DIE FORMULERING VAN SY OPVOEDINGSTELSEL IN DIE PRAKTYK.

Prof. Coetzee beoog met sy beleid wat gefundeer is op 'n Christelike-nasionale lewensbeskouing, twee positief konstruktiewe sake:

(a) Die behoud en bewaring van die eie identiteit as Calviniste in Su Afrika, en

(b) behoud en bewaring van die identiteit van andersdenkendes in sovere hulle identiteit nie staatsvernietigend of sedeskadend is nie.

Terwille van die toepassing van die twee konstruktiewe sake in die praktyk staan hy vir omvorming van die huidige stelsel van staatsonderwys en wel vir 'n stelsel van staatsondersteunde onderwys en skole.

Met die staatsondersteunde onderwys bedoel hy 'n onderwys wat deur die staat gedeeltelik ondersteun word maar wat ook deur die ouergemeenskap onderhou en gedeeltelik beheer word. Op die wyse kan Calvinis, Lutheraan, Anglikaan, Rooms-Katoliek, Jood en Liberalis versekerd wees dat sy kind op skool in dieselfde rigting as in die huis opgevoed word, as elke 'n groep skool besit waar opvoeding ooreenkomstig sy denkrigting gegee word.

Uit sy onderwysbeleid en Christelike grondslag kan net een hooggëerde lewensdoel afgelei word, en dit is die verheerliking van ons Skepper, ons God en Vader. 'n Persoon met so 'n oortuiging kan nie anders as om billik en opreg teenoor ander mense te wees nie.

In die kort bestek kan alleen rakelings die opvoedkundige denkrigting en beleid van prof. Coetzee geskets word. 'n Juiste perspektief kan deur die brokstukke nie verkry word om hom na waarde in die opvoedkunde te skat nie.

Maar ons is dankbaar vir so 'n gevoelige temperament, wat eers die gedagtegang van die wêreld fyn bestudeer om dan die behoeftes van sy gemeenskap soos 'n opvangtoestel te laat registreer en dan sy teorie en praktyk van die opvoeding ooreenkomstig die Woord van God te formuleer.

Mag hy, waar hy pas die sestigmerk oorskry het, nog lank gespaar bly om in sy rype ervarenheid, belesenheid en oortuiging te glinster soos die glans van die uitspansel om verdere rigting en leiding in die opvoedkundige wêreld te gee.

J. J. SNYMAN.